



'n Noorkapperwalvis wat verstrengel is in 'n tou waaraan 'n boei geheg is, is die naweek deur lede van die NSRI en die SA Whale Disentanglement Unit gered. Hier is die boei van een van die NSRI se bote duidelik sigbaar.

Foto: WWW.FIONAAYERST.COM

REDDINGSPOGING

Verstrengelde walvis bevry

Tou met boei was om sy bek, voorlyf en stert gedraai

TISHA STEYN
Mosselbaai

'N Yalike noorkapperwalvis is die naweek met groot moeite bevry van 'n stuk tou met 'n boei waarin hy verstrengel was.

—Die Nasionale Seereddings-

instituut (NSRI) is Sondag omstreeks 13:30 in kennis gestel van 'n walvis wat verstrengel is in 'n dik tou met 'n boei aan,' het mnr. Dawie Zwiegelaar van die NSRI-stasie hier gesê.

Klaarblyklik het 'n inwoner van Danabaai die verstrengelde walvis opgemerk en die NSRI laat weet, wat met hul drie reddingsbote van Mosselbaai af die dier te hulp gesnel het.

Mnr. Stephan Swanson van die SA Marine Predator Laboratory (Sampla), wat voorheen by die South African Whale Disentanglement Unit (Sawdu) in

Kaapstad gewerk het en nou deel vorm van die eenheid wat in Mosselbaai werk, is met die nodige toerusting saam met die NSRI na die walvis.

"Ons het eers om die walvis gevaar om vas te stel hoe groot hy is, of hy enige wonde of ou littekens het en wat die aard van die verstrengeling is. Die walvis was sowat 8 m lank en het tussen 5 ton en 10 ton geweg.

"Die tou het 'n boei aangehad en was om die walvis se bek, sy voorlyf en stert gedraai."

Volgens Swanson is die tou tipes van die langlyne waarmee

tuna en swaardvis van vistrelers af gevang word.

"Die tou, wat 'n lus gevorm het waaraan die boei vas was, is met 'n spesiale lem aan 'n paal losgesny. Deininge van sowat 3 m en 'n suidwestewind van sowat 20 knope het die poging bemoeilik en ons kon nie naby genoeg aan die kop kom om die tou in sy bek en om sy voorlyf te verwyder nie," het Swanson gesê.

"Die walvis het baie gemakliker sonder die hindernis van die boei gelyk toe hy wegsweem. Ons hoop die tou se los ente sal mettertyd vanself loswoel."

Inwoners langs die kus word versoek om die NSRI of die Sawdu in kennis te stel as hulle die walvis weer opmerk.

"As die verstrengelde walvis weer opgemerk word, sal ons weer probeer om in beter weer die res van die tou te verwyder."

Hy was vol lof vir die wyse waarop die NSRI lede so gou op die toneel was en die behendigheid waarmee hulle hul bote in die moeilike omstandighede tot by die walvis kon stuur.

Zwiegelaar se nommer is ☎ 082 684 2724 en Swanson se nommer is ☎ 073 141 5536.